

Mammon

Die onregverdige Mammon

Kom ons begin by 1 Pet. 2:11: *Geliefdes, ek vermaan julle as bywoners en vreemdelinge om julle te onthou van vleeslike begeertes wat stryd voer teen die siel*; Die uitverkore volk van YHUUH word hier vermaan en streng met hulle gepraat oor hulle losbandige lewe tussen ander volke (*waar hulle ook al woon*). Hulle word gewaarsku teenoor die begeertes wat ontstaan tussen ander volke se gewoontes, doen en late, rituele en manier van aanbidding. Alle vleeslike begeertes wek die siel op en onmiddellik tree die stryd in dat die siel nie moet oortree nie. Vat 'n paar goed soos: "rook" moeilik om op te hou rook (*veral as jy dit reeds jare doen*). "Drank" Moeilik om op te hou drink (*veral as jy 'n alkoholis is*). "Dobbel" Moeilik om te los (*veral as jy verslaaf is daaraan*).

Jes. 65:11 Maar julle wat die HERE VADER verlaat, wat My heilige afgesonderde berg vergeet, wat 'n tafel dek vir die gelukkiggod en die mengsel inskink vir die godin van die noodlot— Die wat nie meer onder YHUUH se wet wil sorteer nie; Die wat nie die 10 Wette (Gebooie) wil onderhou nie; Die wat nie die Sabbat of feeste wil hou nie, maar 'n begeerte het na hulle Kersfees, Paasfees en Valentynsdag. YHUUH sê: "*My afgesonderde berg*" wat beteken "My afgesonderde volk"; Dus die wat VADER verlaat, verlaat die uitverkore volk en gaan dien hulle gode. Hulle gaan om hulle gode te gaan dien of moet ek eerder sê om 'n bediende te word vir hulle gode. "*Die tafel word gedek*" jy bedien en word nie eens bedien nie. As die sodanige gelukkiggod jou nie bystaan en help nie sal die ongeluk god jou te hulp snel. Armoede en verslawing aan verdowingsmiddels, alkoholisme, ens. is jou voorland

Ons lees in *Matt. 6:24: Niemand kan twee here dien nie; want of hy sal die een haat en die ander liefhê, of hy sal die een aanhang en die ander verag. Julle kan nie God VADER én Mammon dien nie!* Met die lees van die versie kom ons weereens agter dat jy 'n dienaar is of van die ander volke se doen en late of jy is 'n dienaar van VADER in die hoogste hemele.

Maar as jy nou die volgende verse lees in *Luk. 16:9-13: 9. nl.: En Ek sê vir julle: Maak vir julle vriende deur die onregverdige Mammon, sodat wanneer julle die lewe verlaat, hulle jul in die ewige tente kan ontvang. :10 Hy wat getrou is in die minste, is ook in die grote getrou; en hy wat onregverdig is in die minste, is ook in die grote onregverdig.*

Luk.16:11 As julle dan nie getrou was in die onregverdige Mammon nie, wie sal julle die ware goed toevertrou? :12 En as julle nie getrou was in 'n ander se goed nie, wie sal aan julle jul eie gee?:13 Geen huiskneg kan twee here dien nie; want hy sal òf die een haat en die ander een liefhê, òf die een aanhang en die ander een verag. Julle kan nie God VADER én Mammon dien nie. Interessante verse wat mooi verstaan moet word, want daar lê groot waarheid daarin.

YAHUSHA sê: Gaan en gaan werk vir geld en verdien geld. Jy as die werker / werkgewer sal aangesien word en jy sal jou loon ontvang.

Net voor ons verder gaan moet ons net vinnig kyk na die woord "Mammon". Mammon is 'n Siriese woord wat geld of rykdom beteken (*Dit is 'n Islam geslag naam*). Die Christendom het die naam gevat en dit 100% vergelyk met geld. Mammon is 'n god wat vissies gedien was. Hy was die god wat rykdom geskenk het, dus was hy gedoop god "Rykdom". Nie net in geld nie, maar in alles wat jy kan aanvat. Mammon (*wat ons weet dat dit Ha satan self is*) weet dat die mens op aarde gierig is. Hy weet as die een baie kry gaan die ander hom wil doodmaak om dit wat hy ontvang het te neem. Hy het geweet dat die een jaloers teenoor die ander sal wees. Mammon weet dat hy die hart van die ontvanger wen met geluk en voorspoed. Mammon 'n verleidelike god wat nie bestaan nie en tog is Mammon 'n gevoel wat opgewek word binne die mens; Mammon is 'n beïnvloeding wat geskep word; Mammon wil graag heers en vertrap; Mammon is 'n idee wat wat gestig was en gedra word deur die Jode van vandag. Hulle begiftig die mensdom se harte en blaas gierigheid aan. Dus moet Mammon verstaan word dat dit 'n geskepte slinkse dooie tussenganger is. Dit bestaan slegs in die verstand. Dit is 'n dooie geskepte ding deur die mens. Mammon is slegs die resultaat tussen twee partye. Dit eers daar gelaat.

Vers 9 bo sê dat ons vriende deur die onregverdige Mammon moet maak! Soos ons nou 'n bietjie meer weet wat die woord beteken kom jy agter dat jy Mammon oor die hoof moet sien of ignoreer. Mammon gaan nie oor die dood of lewe nie, maar promoveer beide. Om 'n vriend te maak koop hom iets en gee dit vir hom, nie geld nie; Om 'n boemelaar te help, koop hom iets om sy maag te vul nie geld nie; Om iemand dankie te sê gee hom iets nie geld nie. Toets dit gerus en sien die vreugde in die volgende man se oë. Dus gebruik die Mammon (geld), maar gee dit in iets waardevol.

In die volgende stuk staan: *"sodat wanneer julle die lewe verlaat, hulle jul in die ewige tente kan ontvang"*

M.a.w. sodat wanneer jy doodgaan jy jou vriende daar aan die anderkant sal sien. Jy of jou vriend het dus nie nodig om Mammon dankie te sê dat julle in die ewige lewe ingegaan het nie.

4.

Dit is amper soos dit in *Gen 14:23* staan: *dat ek geen draad en geen skoenriem, ja, dat ek niks sal neem van alles wat uwe is nie, sodat u nie kan sê nie: Ek het Abram ryk gemaak.*

Ek sluit. Matt. 6:19-21 Moenie vir julle skatte bymekaarmaak op die aarde, waar mot en roes verniel en waar diewe inbreek en steel nie; :20 maar maak vir julle skatte bymekaar in die hemel, waar geen mot of roes verniel nie en waar diewe nie inbreek en steel nie; :21 want waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees.

Skatte word slegs deur Mammon georkestreer vir die tydelike, maar die ewige lê in jou hande.

Luk. 16:13 Geen huiskneg kan twee here dien nie; want hy sal òf die een haat en die ander een liefhê, òf die een aanhang en die ander een verag. Julle kan nie ~~Ged~~ VADER én Mammon dien nie. Jy kan nie 'n voldagwerk by twee verskillende plekke werk nie. Een van die twee werke sal afgeskeep word.

Opsommend: Van die sweet van jou aangesig sal jy jou brood verdien (Gen. 3:19); Nie van dobbelary of die geluksgod nie, maar van werk (*sweet beteken dat jy visies jou verstand moet gebruik om 'n verdienste te kan bewerkstellig*). Om te kan werk op aarde is 'n verdiende loon. Dit is 'n voorreg. Deur werk verdien jy dit wat jou toekom. Jy moet nooit werk vergelyk met geld (Mammon) nie, want sodra jy dit doen verarm jy en die begeerte daarna ontstaan, maar as jy werk omrede dit 'n opdrag is van YHUUH en jy doen dit omrede die lekkerte, sal geld (Mammon) 'n geskenk wees; Ons noem dit tog ook 'n verdiende loon. My pa het altyd genoem dat die werkers wat vir ons gewerk het nie dankie moet sê as hulle hul betaling ontvang het nie. Ons sê aan hulle ook inderwaarheid nie dankie vir hulle arbeid nie omrede hulle dank lê in die geld (Mammon) wat hulle ontvang. Nou met daardie verdiende loon beweeg die wêreld rondom jou. 10% van die loon behoort aan YHUUH en 90% vir jou om van te leef. Ek skryf boeke en werk met die uitverkore volk, want dit is lekker vir my om dit te kan doen. Ek doen dit nie vir geld nie, want ek deel die boekies verniet uit.

Dus die onregverdigheid van Mammon bestaan nie en tog bestaan dit deur alles wat bo uitgewys was. Gebruik geld in so 'n maat dat reg en regverdigheid daaruit voortspruit. Moet nie gaan soek op plekke (*bobbel*) wat ons Koning ons nie beveel het nie.

Bedink dit